

**5 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 31:2-32:33**

**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 32:9-26**

**Die Here stel ons geloof op die proef**

Dis een ding om jou geloof te bely. Dis egter 'n ander ding as jou geloof tot die uiterste beproef word.

Hiskia het sy onwrikbare geloof voor almal bely. Die Here sal sy volk help as hulle na Hom terugkeer. Die Here wil egter kyk of hy steeds op Hom sal vertrou as dinge begin sleg gaan. Hy stel sy geloof op die proef.

Ten spyte van die volk se bekering kom Sanherib, die koning van Assirië, en verower die stede van Juda (2 Kron 32:1; vgl 2 Kon 18:13). Hiskia moes swaar belastings betaal en selfs van die tempelskatte daarvoor gebruik (2 Kon 18:14-16). Hiskia sit nie stil nie. Hy bid én werk. Hy versterk Jerusalem met die vertroue dat God sal help (2 Kron 31:8). Tog gaan Sanherib voort. Hy loods 'n aanval op Lagis (NAV: Lakis), die tweede sterkste stad in Juda. Hy eis dat Jerusalem onvoorwaardelik oorgee. Sy gesante spot openlik met Hiskia se vertroue op God (32:14; 32:17). Deur God se genade slaag Hiskia hierdie geloofstoets. Hy en die profeet Jesaja gaan in hulle nood na die Here toe. Hy verhoor hulle gebed en skenk op wonderbaarlike manier uitkoms.

Hiskia se geloof word nog twee keer beproef. Hy word dodelik siek, maar vertrou steeds op die Here. Die Here verleng sy lewe met vyftien jaar (2 Kon 20:6). Daarna besoek 'n afvaardiging van Babel hom. Dis 'n toets of hy nederig sou bly. Hierdie toets slaag hy nie. Hy is hoogmoedig en spog met sy skatte.

Die Here kyk of ons geloof eg is, maar hy beproef ons nooit bo ons kragte nie (1 Kor 10:13). In ons beproewing het ons iemand wat vir ons bid (Luk 22:32; Heb 2:17-18, 4:15-16).

*Sing: Psalm 119:23,25*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*